Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 18 MAART 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

Jy kan nie 'n positiewe lewe leef met 'n negatiewe hart nie.

KOMPLIMENTE GAAN VER

Benjamin West is 'n bekende skilder. Toe hy 'n klein seuntjie was, het hy eendag verf gevat en 'n prentjie van sy sussie begin skilder. Sommer gou-gou was dit 'n groot gemors. Toe sy ma van die winkel af terugkom, het sy die skildery opgetel, Benjamin geprys en hom 'n soen gegee. Later in sy lewe het hy gesê: "Daardie soen het van my 'n skilder gemaak". Een kompliment van sy ma het hom laat glo dat hy baie talent het.

Liewe ouers, in hierdie tye sien ons so maklik die negatiewe raak. Ons sien ook sommer baie maklik ons kinders se foute raak. Ons is egter omring met positiwiteit en die mooi van die lewe. My beskeie opinie is dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor onsself, en teenoor ons kinders, om dit raak te sien en met dankbaarheid te begroet. Sien die positiewe raak en komplimenteer jou kind. Kinders smag daarna en jy sal sien hoe dit hulle laat blom.

As skoolhoof sien ek dikwels hoeveel waarde 'n kompliment het vir 'n kind. Dit is veral belangrik om mooi karaktereienskappe uit te lig. Dit is tog immers ons plig om ons kinders te leer om die wêreld met selfvertroue aan te durf.

Soms is jy so kwaad vir daardie moeilike tiener, dat jy beslis nie aan iets moois kan dink om te sê nie. Soek dan iets moois. Dalk is jou dogter, wat deure toeklap, se kamer netjies of sy help fluks in die kombuis. Terwyl jy die negatiewe aanspreek, maak seker dat jy die positiewe ook raaksien.

Hou egter in gedagte dat ons soms ook sien dat ouers die heuningkwas te kwistig gebruik. Daardie kind wat altyd net hoor hoe slim, mooi, oulik en fluks hy/sy is, moet ook soms aangespreek word. Soos met alles in die lewe, is balans noodsaaklik.

~ Liefde kyk altyd deur 'n TELESKOOP, jaloesie deur 'n MIKROSKOOP. ~

‘n Mooi woord, is nie altyd slegs ‘n kompliment nie. Soms is dit ‘n woord van aanmoediging of bemoediging. ‘n Kind wat gereeld mooi woorde hoor, maar ook soms tereggewys word as hulle verkeerd optree, sal geborge voel en ‘n gesonde selfbeeld hê.

~ Reis verby al die klippe op jou pad ...
en eendag sal jy agterkom dat jy die berg oorgegaan het. ~

HOOFRAAD 2021

Baie geluk aan die volgende Riebieraadslede wat tot die Hoofraad vir 2021 verkies is:

Hoofseun	:	Lohan Bitzer
Hoofdogter	:	Kaitlyn van Rooyen
Onderhoofseuns	:	Llewellyn Truter & Christiaan Wiese
Onderhoofdogters	:	Ashleigh Engelbrecht en Jacinda Ruthven

TEMA VIR 2021

Leer uit gister.
Leef vir vandag.
Werk vir môre.

KORTING OP SKOOLGELDE

Baie dankie aan al die ouers wat die skool positief ondersteun met die stiptelike betaling van skoolgelde.

Die skool het dit goedgedink om ouers die geleentheid te gee om steeds korting van ‘n maand se skoolgelde te ontvang, indien u die jaar se skoolgelde **voor of op 31 Maart 2021 ten volle betaal**.

Byvoorbaat dankie vir u positiewe ondersteuning.

MENSEREGTEDAG - 21 MAART 2021: LANGNAWEEK

Die skool sal op 22 Maart 2021 gesluit wees. Die skool sal weer op 23 Maart 2021 met vol-skool voortgaan.

Geniet die lang naweek!

~ MENSEREGTEDAG ~
“Joy is found when you focus your energy on improving human dignity,
human capacity and human values.”

V Botha | Skoolhoof

Sport

NETBAL OEFENING

Hiermee die oefentye vir die verskillende oefengroepe. Ouers en dogters moet asseblief daarop let dat slegs vaardighede geoefen gaan word. **Dogters moet hul eie waterbottels saambring. Dogters kan nie by die krane gaan water drink nie.** Daar sal **GEEN** **oefening op 22 Maart 2021** plaasvind nie.

23 Maart 2021 - 25 Maart 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:30 – 14:15				O/7 & O/8
14:15 – 15:15	O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	Al die O/9's
15:15 – 16:15	O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/10 C & O/11 C	

RUGBY OEFENING

Die rugby oefening gaan fokus op vaardighede en geen fisiese kontak sal plaasvind nie. Alle COVID-19 regulasies sal gevolg word. **Seuns moet hul eie waterbottels saambring. Seuns kan nie by die krane gaan water drink nie.**

Oefentye:

MAANDAG: **GEEN OEFENING – PUBLIEKE VAKANSIEDAG – 22 MAART 2021**		
DINSDAG	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:15
	O/9 & O/10	15:15 – 16:15
WOENSDAG	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:15
	O/11, O/12 & O/13	15:15 – 16:15
DONDERDAG	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:15
	O/9 & O/10	15:15 – 16:15

Oefentye vir O/7 en O/8

MAANDAG	**Publieke vakansiedag - Geen oefening**
WOENSDAG	13:30 – 14:15

TENNIS

Oefening vind as volg plaas:

Dinsdag : 06:00 – 07:00
Donderdag : 06:00 – 07:00

Onthou jou waterbottel en tennisraket. Leerders mag LOV-drag dra.

SKAAK

Baie geluk aan Logan Fick (O/9), Reuben Vos (O/11) en Divann Lamprecht (O/15) wat vir die Ekurhuleni-Noord individuele skaakspan gekies is. Die Riebies is baie trots op julle!

As daar nog enige leerders is wat by die skaak-oefening wil aansluit, is julle baie welkom.

Oefentye is as volg en sal in Juffrou Lizette de Nysschen se **klas (G12)** plaasvind:

Graad 1 – Graad 3 : Woensdae 14:00 – 15:00
Graad 4 – Graad 7 : Woensdae 15:00 – 16:00

Akademie

INTERSEN

Graag wil ons ouers en leerders herinner aan formele en deurlopende assesserings wat in die volgende paar weke plaasvind. Daar is sekere vakke wat op dae na ‘n lang-naweek geskryf word en leerders dan voorbereid moet wees.

Leerders wat tydens deurlopende en formele assesserings afwesig is moet die assesserings wat nie geskryf was nie, die eerste dag wat die leerder terug is by die skool, voltooi.

Ons doen ‘n beroep op ouers om nie leerders onnodig uit die skool te hou nie. Wanneer daar ‘n uitdaging of ‘n krisis is, kontak asseblief die leerder se register-onderwyser om die nodige reëlings te tref.

Wanneer leerders afwesig is as gevolg van siekte moet ‘n mediese sertifikaat by die register-onderwyser ingehandig word.

Ouers en leerders kan gerus hulself weer gewis met die assesseringsplan om te sien wanneer assesserings plaasvind.

Algemeen

LEERDERS WAT NIE BETYDS AFGEHAAL WORD NIE

Indien leerder nie teen 14:15 (op Maandae tot Donderdae) en 13:15 (op Vrydae) by hul onderskeie hekke afgehaal is nie, sal leerders na die hek by Swartwildebeesstraat (oplaai en aflaai inry-hek) vergesel word, waar ouers hul dan kan optel. Ons doen ‘n beroep op ouers om asseblief betyds te wees.

CANSA SPAARVARKIES

Die Riebies is deur CANSA genader om aan die “Piggy Run” deel te neem, waar geld ingesamel word vir kanker pasiënte. Hier by die “Riebie Familie” het ons al geliefdes aan die dood afgestaan as gevolg van kanker, en daar is ook steeds lede van ons “Riebie Familie” wat teen die siekte veg.

Elke graad het ‘n spaarvarkie ontvang waarin leerders hul bydrae kan kom ingooi. Leerders kan vanaf 19 Maart 2021 tot en met 22 April 2021 ‘n bydrae lewer.

Dankie vir almal se betrokkenheid en die verskil wat jul ook op hierdie manier in die gemeenskap kan maak.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 23 – 26 MAART 2021

MAANDAG	**Naskoolsentrum gesluit - Publieke Vakansiedag**	
DINSDAG	Kouevleis Rolletjies	Broodjie en Sap
WOENSDAG	Macaroni en Kaas	Vrug en Sap
DONDERDAG	Warmbrakke	Vrug / Muffins en Sap
VRYDAG	Tuisgemaakte Maalvleis-pasteie	Skyfies / Vrug / Sap

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***